

Skriflesing: Levitikus 23:33-44 Openbaring 21:1-6; 22:1-5

Teks: **Levitikus 23:33-44**

Sing- Ps. 23:1; Ps. 61:1,3; Ps. 42:1,2; Ps. 91:1,5

Levitikus 23:33-44

Lev 23:33 En die HERE het met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:34 Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE.

Lev 23:35 Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Lev 23:36 Sewe dae lank moet julle aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.

Lev 23:37 Dit is die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die HERE 'n vuuroffer te bring: 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe;

Lev 23:38 behalwe die sabbatte van die HERE en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan die HERE gee.

Lev 23:39 Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die oprings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag.

Lev 23:40 En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees.

Lev 23:41 En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier.

Lev 23:42 Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon,

Lev 23:43 sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God.

Lev 23:44 So het Moses dan die feestye van die HERE aan die kinders van Israel bekend gemaak.

Openbaring 21:1-6

Rev 21:1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

Rev 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Rev 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

Rev 21:4 En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

Rev 21:5 En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

Rev 21:6 En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.

Openbaring 22:1-5

Rev 22:1 En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.

Rev 22:2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.

Rev 22:3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.

Rev 22:4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.

Rev 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Skriflesing: Levitikus 23:33-44 Openbaring 21:1-6; 22:1-5

Teks: Levitikus 23:33-44

Sing- Ps. 23:1; Ps. 61:1,3; Ps. 42:1,2; Ps. 91:1,5

Die sewende, die laaste fees het aangebreek. Broeder en suster, watter hoogtepunt het dit in Israel gebring. Hierdie was vir hulle die grootste van al hulle feeste. 'n Tyd wat almal bly moet wees, fees moet vier, 'n tyd van heerlike lekkernye wat vrylik uitgedeel is. Die sewende fees, in hulle sewende maand, wat sewe dae lank gevier moet word. Soos ons by die fees van die Trompette en die groot Versoendag al kon agterkom dat die trompette en die groot Versoendag staan inleidend op wat die Loofhuttefees gaan bring. Dit is deel van die hele Loofhuttefeesgety wat daarop neerkom dat soos Paasfees God se vrede beteken, Pinkster bring God se krag, staan die Loofhuttefees as einddoel dat ek my rus in God moet vind.

Die Loofhuttefees kan ons onself nie sonder deurslaggewende lewensmiddele voorstel nie. Kos, maar dan veral ook water, dit is onlosmaaklik deel van die fees. Daarom dat sommige na hierdie fees verwys as die fees van die waters! Water wat die warmte kan breek, wat lewe kan gee, wat dors kan les, water wat saggies rustig sy stroompies laat vloei, ja as ons sê God bring rus, soos wat Hy sy vrede en krag skenk, dan is die mooiste simbool om hierdie rus te beleef 'n rustige waterstroom. (Psalm 23 laat ons dit sien en beleef- Na waters waar rus is, daar lei God my heen..) Rus waarna mens so na verlang om die geestelike volheid van rus in te gaan. Dit is die Loofhuttefees, die sewende fees, in die sewende maand, sewe dae lank. Sewe wat altyd dui op volheid en volledigheid. Nou kom al Israel se feeste voluit, volledig bymekaar.

Uit die Ou Testament word hierdie fees dikwels genoem. Ander name wat hierdie fees aandui is die fees van die tabernakels, of die Sukkot-fees of gewoon die huttefees (sukkot beteken *hut*), of ook die fees van die “insameling” wat in alle geval weer dui op die God wat die water gee is die God wat ons lewe en ons oeste moontlik maak. Sonder water weet ons kan daar nie lewe en oeste wees nie. Dit het Israel met hierdie fees wou benadruk. Ja, hulle het dit op 'n besondere manier laat gebeur. Israel het met die fees twee rites uitgevoer. Twee

rites wat gaan oor water en lig, sonlig, sonskyn... Die eerste was 'n water uitgieting, simbool van God gee sy water vir ons, anders kan ons nie lewe nie.

Daarom het Israel wanneer hulle die fees vier in 'n groot optog saamgekom, dit op die 7de dag van die fees en die priester het voorgeloopt en met 'n goue emmer het hy dan met die optoggers water uit die fontein van Siloam geskep. Vanaf Siloam is die hele optog terug na die tempelberg en dan met seremoniële erkenning is die water oor die klippe van die brandofferaltaar uitgegiet. Sekerlik kan dit Israel herinner het aan die water wat Moses uit die rots in die woestyn laat kom het, maar Israel sien hierdie Loofhuttefees, as 'n werklike dankfees vir ons het nog water wat God ons voorsien. God het hierdie afgelope seisoen se plantings en bewerkings en groei en oeste deur water moontlik gemaak. Binne weke van nou af gaan dit koud wees, maar ons het weer reën nodig, God se water om ons volgende oeste moontlik te maak.

Die gedagte van water staan sentraal in die fees, maar nou moet u onthou broeder en suster, 'n landbouer is 'n realistiese mens, is 'n mens wat besef, so min soos ek sonder water kan klaarkom, net so min kan ek sonder lig en sonskyn enige oeste verwag. Daarom het die Loofhuttefees as sentrale tema nie net water nie, maar ook lig as deel van die fees. Met hierdie fees het hulle die tempel dan op 'n besondere manier verlig, maar ook die hele tempelplein is met fakkels verlig. Die gloed van die fakkels kon in die nag van baie vêr gesien word. Ja, die fakkels simboliseer op die fees die sonlig wat vir die groei van die oeste so noodsaaklik is. Met die fees dank hulle God dat Hy sy sonlig op hulle laat val het.

Dit laat Israel nog verder terugdink. Dit laat hulle dink aan hulle 40-jarige tog in die woestyn. Daar was God, die God van lig. God het vir ons in die woestyn lig gegee. In die nag vir ons 'n ligkolom, 'n pilaar ('n kolom) van lig het opgestyg, in die dag het Hy gegee 'n wolkkolom, wolke wat weer simbool bly van water,. Lig en water kom so met die fees bymekaar. Ons vier hierdie fees dankbaar rondom water en verligting as uiting van wat God alleen ons kan gee, dit het Hy ons gegee. Ons waardeer dit, ons het die beloofde land met hierdie God kon intrek.

Daarom dat die Loofhuttefees feestelik tot by Israel se intog in hierdie land die gedagtes meevoer. Wanneer Israel hierdie fees vier dan gaan dit ook daarvoor dat ons het nie vaste huise, permanente woonplek in die woestyn gehad nie. Ons moes maar in tente-, iets van 'n

tabernakel- en hutte gewoon het. As die Loofhuttefees genoem word die fees van die tabernakels dan is dit sentraal wat Israel moet doen. Al die feesgangers moet in hutte van blaartakke vir hulle skerms oprig wat hulle aan hulle verblyf in die woestyn herinner.

Ja, as ons die fees nog in fyner besonderhede opbreek dan was dit waarlik van die feeste met die meeste en die rykste simboliek. Een Joodse kommentaar wys daarop dat hoe daar oor die 7 dae 70 beeste (bulle) geslag is. Ja, die Joodse tradisie lees in Gen. 10 van 70 heidense volke wat daar rondom Israel was en daarom verteenwoordig die 70 beeste die 70 heidense nasies van Gen. 10. Dit is wel so dat in Numeri 29:12-34 staan die duidelike bepalinge wat presies op elke dag van die 7dae wat die fees duur, gedoen moet word. Wanneer ons mooi dink oor hoe Israel hierdie fees nie geïsoleerd vier nie, maar dat ander volke in hulle gedagtes betrek moet word, dan is dit iets van 'n uitreik, 'n sending wat alreeds moet plaasvind. Iets merkwaardig! Eintlik is hierdie die enigste fees wat vir die Israeliet nie net oor hulle volk en nasionaliteit gaan nie maar wil hulle dit meer internasionaal beskou.

Wanneer die Ou Testament dieper vanuit die fees spreek dan is daar in Israel ook met die fees iets van 'n skuldbesef en skulderkenning. Dit is 'n historiese feit, Nehemia bevestig dit ook dat Israel tot hulle eie beskaming vir honderde en honderde jare die fees nie gevier het nie. Hulle het dit so verwaarloos dat dit vergete geraak het. Die laaste wat die fees gevier was, was in die tyd van Josua en dan hou die fees op. In die tye van Dawid, van Salomo, glorieryke tye, konings van naam regeer in Israel, maar hierdie fees was totaal in die vergetelheid. Niemand het eers weer daaraan gedink om die Loofhuttefees te vier nie, Dawid ingesluit...

Neh. 8 lees ons – vanaf vers 14- **14** (8:15) *Toe vind hulle uit dat in die wet wat die HERE deur die diens van Moses beveel het, geskrywe was dat die kinders van Israel op die fees in die sewende maand in hutte moes woon, **15** (8:16) en dat hulle moes afkondig en rondstuur deur al hulle stede en in Jerusalem om te sê: Trek uit op die gebergte en bring olyftakke en oliewenhouttakke en mirtetakke en palmtakke en takke van digte bome om hutte te maak soos geskrywe is. **16** (8:17) En die volk het uitgetrek en dit gebring en vir hulle hutte gemaak, elkeen op sy dak en op hulle erwe en in die voorhove van die huis van God en op die plein van die Waterpoort en op die plein van die Efraimspoort. **17** (8:18) En die hele vergadering wat uit die gevangenskap teruggekom het, het hutte gemaak en in die hutte gewoon; want van*

die dae van Jésua af, die seun van Nun, tot op daardie dag het die kinders van Israel nie só gedoen nie; en daar was baie groot blydskap. 18 (8:19) En hy het dag vir dag, van die eerste dag af tot die laaste dag toe, voorgelees uit die wetboek van God; en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag 'n feestyd volgens verordening.

Israel het wat vir God 'n baie belangrike fees was, tot hulle skaamte verwaarloos. Ja, dit terwyl Israel later by monde van die profeet Sagaria die belang en waarde van die fees duidelik kon hoor- Sag 14:16-19 16 *En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskaare, en om die huttefees te vier. 17 En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskaare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. 18 En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. 19 Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie.*

Daarom dat Israel toe hulle rondom die fees weer kon reformeer, hulle kon terugkeer na wat God van hulle verwag, toe praat Sagaria van water, van reën, van dit waarmee die hele aarde nie sonder kan klaarkom nie. Sonder die fees geen reën nie, maar boonop sal God sulke nasies met plaë tref. Dit is duidelik dat Israel moet die huttefees vier. Neh. 8 moet vir Israel aangryp. Die Wetboek is weer ontdek. Vir jare het dit onder grond en stof gelê. Dit was juis hier om en by die 7de maand. Die Joodse maand Etamim, wat naastenby met ons laaste deel van Sept., ons eerste helfte van Okt-maand saamval. Net voor hulle winters wat hulle dan ook hulle reën kan verwag. Dit was in Nehemia so twee dae wat daar al uit die boeke van Moses hardop voorgelees was en skielik lees hulle wat ons ook vanoggend gelees het- Lev. 23:33-44. Skielik is dit asof Nehemia en almal saam met hom besef wat het ons aangevang. Ons het nog nooit hierdie bepaling uit God se Woord nagekom nie. Ja, later het Sagaria soos ons verwys het gewys, dit is ernstig dat God hulle die fees wil laat vier.

Want het God bevestig dat hulle hutte- die Hebreus- *sukkot*, dit is die mens se blyplek toe God hulle God daar in die woestyn was. Vir 40 jaar het hulle sonder huise gebly en God het by hulle gebly. God het by hulle kom tabernakel. 'n Belangrike gedagte dat God kom woon by ons, dit moet u aan die einde van die preek weer vasgryp. Dit dui op ons tydelike verblyf

op aarde. Takke, blare wat gevleg word om maar sulke tydelike strukture/ skerms te wees. (Ons weet Dirk Postma, die eerste Gerf predikant in SA, April 1859 se eerste erediens hier naby Pretoria was ook in 'n tydelike houtstruktuur wat Rudolf Holtzhausen opgerig het- dit gryp mens nog weer aan...). Die feit dat op hierdie aarde vir ons geen permanensie kan wees nie, terwyl God deur die tabernakel sy inwonende teenwoordigheid onder sy volk teken.

Wanneer Israel die fakkels sien brand, hulle sien die priester die water dra, water wat op die altaar uitgegiet word, hulle bly in hulle tydelike skermpies van palm, mirte en wilgetakke inmeekaargevleg, in die *lulav*-styl, hulle lees in besonder in die tyd uit Prediker wat dan beskou word dat uit die toestand van pessimisme, daar wel vreugde kan kom. Hulle moet nie swartgallig, pessimisties wees nie, maar het hulle moes opkyk en bid vir reën. Daar moet vreugde wees. Die fees van die waters en ligte moet hulle besondere lekker kos laat eet.

Broeder en suster, wanneer Israel al hierdie dinge doen, dan lees ons Joh.7 vers 2 en in besonder vv 37-39. *2 En die fees van die Jode, die huttefees, was naby.* En ook in besonder wat het Jesus op die fees gedoen vv.37-39 *37 En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! 38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. 39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.* Jesus gryp die hoogtepunt van die fees aan- daardie oomblikke wat die water op die altaar gegiet word, presies op daardie sekondes het sy harde stem vanuit die skare ná almal gekom. Daardie water waarom hierdie fees al vir eeue en eeue draai, dit gaan om My. Julle bid vir reën, julle vra vir goeie oeste, daar word na vreugde uit julle ellende verlang, julle lees Prediker met sy stemtoon van dis verniet, dis verniet, so baie dinge in die lewe is tevergeefs, maar sonder My, Jesus Christus is alles inderdaad tevergeefs. Maar met Jesus Christus, met Hom die Seun van God is niks tevergeefs nie. *Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.* Christus gaan ons die nuwe lewe inlei. Hy gee ons rus van ons sonde, ons ellende is in Hom geen ellende meer nie, maar Hy is ook die ander deel van die fees, Hy is water en Hy is lig. In Joh. 7 sê Jesus dat Hy strome lewende water gee, Joh. 8, dat Jesus, Hy is lig. Vers 12- *Ek is die lig vir die wêreld. Wie my volg sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee...*)

U moet heeltyd onthou ons het dit al baie gesê, hierdie drie laaste feeste het daarmee te doen dat Christus wéér gaan kom. Dan gaan ons nie meer in hutte hoef te bly nie. Ja, selfs al bou mense vandag vir hulle paleise en stewige huise, dit lyk of die mens sy lewe op aarde permanensie wil gee, maar dit verander niks aan 2 Kor. 5:1 nie- *Want ons weet dat ons aardse tentwoning afgebreek word...* Die feit is ons lewe is eintlik in hutte, in tente... 'n aardse tentwoning wat net tydelik en skuifbaar bly, maak nie saak hoe groot, hoe sterk, hoe oud my huis is nie, my lewe is 'n tent op aarde. Dit bly afbreekbaar, skuifbaar, die oprolbare... dit wat met tente gebeur. Die ware lewe, die lewende stroom wat alleen die Heilige Gees in Christus skenk kom van God af Hy wat waterwonders doen, van Joh. 1-7 het elke hoofstuk tot hier iets met water te doen, het u dit al gesien – Joh. 1- die Doper doop met water, Joh. 2- Water word wyn, Joh. 3 sê die Here vir Nikodemus *as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan Hy in die koninkryk van God nie ingaan nie*, Joh. 4 die Samaritaanse vrou wat water uit die ou put kom skep, Joh. 5- genesing van die man by die waterbad Bethesda, Joh. 6- Jesus loop op water, op die see, Joh. 7 die gebeure by die Loofhuttefees, die waterfees, ja Johannes 1 tot 7 bring al die water tot die groot hoogtepunt- *As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!* **38** *Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.* Van Joh. 1 se doopwater, tot Joh. 6 se loop op die see, al die waters, daarvan kan ons in Christus lees. Die groot Watervoorsiener is Christus net Hy alleen! So kosbaar soos water vir ons is, nog meer kosbaar is Christus. Sonder water kan ons nie lewe nie, sonder Christus kan ons nog minder lewe.

Daarom is die koms van Christus so belangrik en so kosbaar vir ons. In persoon en in tyd. Ja, u kan kennis neem van die kommentaar van 'n Jood wat in Christus glo, dr. Adolf Fruchtenbaum, ek kan nie in besonderhede hierop ingaan nie, maar aangrypend sy kommentaar dat mooi die tyd van die Joodse Pinksterfeesvieringe, hier einde September, begin Oktober, herfstyd in Israel, voor die ysige winters, dan het herders met hulle vee al hoe minder die velde kon ingaan. 25 Des is dit onmoontlik dat herders in die oop veld by hulle skape kan wees. Dan is dit mid-winter, ysig koud in Israel. Tog moet ons die datum van Israel se Loofhuttefees nie verbygaan as dit kom by die geboorte van Christus nie.

Einde Sept./begin Okt. vier Israel die fees wat dui op God kom bly by ons. Ons in ons tydelike strukture. God kom tabernakel by ons. Joh.1:14 staan- - **14** *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van*

die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid. Meer letterlik vertaal staan hier- *Die Woord het vlees geword en onder ons kom tent opslaan...* God het by ons kom tabernakel. Broeder en suster, presies wanneer is die begin van Jesus se menslike lewe. As ons mooi daarvoor dink dat Jesus nie in die middel van die winter in Israel gebore kan wees nie, maar as ons die Loofhuttefee- datum mooi na kyk, wat vir God nog altyd 'n baie ernstige datum was, hoe belangrik dat God die Loofhuttefees in Israel teruggebring het, dan is dit wonderlik om te dink dit is die tyd waarop Christus gebore kon wees. Niemand kan dit finaal nou bereken of bewys nie, maar wat dit alles meebring laat ons al hoe meer in verwondering voor die Here staan.

As die Loofhuttefees volgens die meeste berekeninge gewoonlik altyd einde September (meestal word gepraat van 23-29 Sept.) gevier word en ons tel vanaf die Loofhuttefees mooi 9 maande terug, 278 dae om presies te wees, die gemiddelde lengte van 'n ongeboore kindjie se inkubasiëperiode, watter verstommende ontdekking. Die datum waarby ons dan kom is inderdaad 25 Desember. Die tyd wat die engel Maria besoek het, vir haar gesê het sy gaan swanger word, die begin van haar swangerskap wat alles daarop dui die begin van die menslike lewe van Jesus, die fetus in die moederskoot se begin kan in die midde-winter, einde Desember wees, dan is sy geboorte die tyd naastenby die tyd van die fees van die tabernakels. God het by ons kom woon...rondom Tentefeestyd, dalk net daarvoor, of net daarna, dit wat die Loofhuttefees oor al die eeue wou sê, God bewys dit inderdaad met die geboorte van Christus, Hy kom woon by ons... Ja, dan is dit die tyd wat die herders nog in die velde naby Bethlehem kon wees, die wyse manne met die oopgemaakte lig van herfs duidelike sterre kon sien, ja nou wonder ons, eendag sal ons weet...

Ja, as Christus se menslike begin, die bevrugting dan wel einde Desember was, dan sit daar iets nog meer aangrypend. Christus wat genoem word die Lig van die wêreld. In daardie tyd het die heidene hier rondom einde Desember hulle ligfees gevier. Die langste nag word op sy langste en dan vanaf 21 Des draai dit om. Dan begin die nagte weer korter word en die dae langer... Die lig begin weer oor die donkerte te heers. Ja, Christus se menslike begin is mooi die begin van wat Hy vir alle mense, ook heidene sê –Heidene wat die oorwinning van die lig, die oorwinning van die son wil vier, in die midde van so 'n heidense fees, is Christus se koms, al is Hy dan maar net 'n fetus, maar Hy is alreeds die bewys- *Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die*

lewe hê (Joh. 8:12). Christus het gekom om sondaars te red, ja Hy het by ons kom tabernakel.

Broeder en suster, ons sluit hierdie reeks van preke af met die wonderlike woorde uit Openbaring, spesifiek waar dit ook gaan om God wat by ons kom woon. U kan rus in hierdie woorde, ja watter wonderlike rus en toekoms lê vir ons voor- die lig die water van die Loofhuttefees vloei in ons lewens. Ons hoef dit nie as aparte fees te vier, soos sommige oud-gereformeerdes nou deesdae in Pretoria hierdie Joodse feeste weer verpligting wil maak nie. Dit is 'n dwaling en dwaalgedagte, maar ons rus staan ook in Op 21 en Op 22. *Hy sal die trane van die oë afdroog*, dit gebeur nou, dit gebeur elke dag, dit sal God ook vir u doen, ja vv 3-4 in sy volle betekenis is nou u en my Loofhuttefees- *Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.* ⁴ *En God sal al die trane van hulle oë afvee...*

En op 22:5 is ook ons Loofhuttefees, die lig heers, ⁵ *En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.* Ja, die fees van die lig maar ook die fees van die waters staan vas in ons Watervoorsiener- Jesus Christus- in Op 22 lees ons- die engel wys vir Johannes die rivier, met die water van die lewe. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam- ja Christus se oorwinning is ons rede om net in Hom fees te vier, want dit sal verkeerd wees om nou Joodse feeste te vier, maar waar die Jode se feeste eintlik alles in Hom saamtrek, vier ons net in Hom fees, ons kan dit al die maande van die jaar doen, nie net die 7dae van Sept./Okt. nie. Ja, want Christus is ons lig, ons Watervoorsiener, ons boom van die lewe, 12 maande van elke jaar, vir die 12X12 tye en mense van die lewe, is net een nodig, Jesus Christus- Op 22:5 staan- *Die boom van die lewe dra twaalf keer per jaar vrugte*, ja elke dag, elke maand kan ons by Hom pluk, in Hom kan ons ons rus vind, want die Here God gee die ware lig, Hy verlig ons, dit wat die Loofhuttefees met baie fakkels wou sê dit met u nou kan sê.

AMEN